



PORT JACKSON

deur HILDEGARD DE BEER
Onderafdeling Onkruid en Plaagdoders
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming

Port Jackson [*Acacia saligna* (Labill.) Wendl.; familie Fabaceae] is 'n indringerplant uit Australië wat vinnig versprei en dreig om die natuurlike Kaapse plantegroei te verplaas. Groot gebiede, soos die Kaapse Vlakte, word reeds oorheers deur Port Jackson en rooikrans (*A. cyclops* A. Cunn. ex G. Don).

Port Jackson word ook soms die bloublaarwattel of goudwilger genoem. Die mees algemene Engelse naam is "Port Jackson willow", maar die name "Port Jackson acacia" of "golden willow" word ook gebruik. In Australië staan dit as "blue-leafed wattle", "golden wreath wattle" of "orange wattle" bekend. Die plant was vroeër o.a. bekend as *Acacia cyanophylla* Lindl.

MORFOLOGIE

Port Jackson is 'n doringlose, immergroen



FIG. 1 – Port Jackson groei gewoonlik in die vorm van 'n struik, maar waar dit nie in kompetisie met ander plante is nie word dit 'n boom van tot 10 m hoog

struik of boompie met 'n oop, wilgeragtige voorkoms. Dit groei gewoonlik in die vorm van 'n struik, maar op plekke waar dit nie in kompetisie met ander plante verkeer nie, word dit 'n boom van tot 10 m hoog. Dit kan enkel- of meerstammig wees. Die bas op jong plante of nuwe takke is glad en gryserig, maar dit word later donkergrys en gebars.

Die plant besit nie egte blare nie, maar wel afgeplatte blaarstele (fillodes of skynblare) wat soos blare lyk. Die skynblare is reguit of effens sekelvormig en vorm 'n hoek met die takke, in teenstelling met dié van die goue wattel (*A. pycnantha* Benth.) wat meer sekelvormig en hangend is en dus 'n trosagtige voorkoms besit. Die skynblare is sowat 1 tot 5 cm breed en tot 20 cm lank, blougroen van kleur, besit 'n enkele opvallende hoofaar, en aan die bokant van die dik steeltjie kom daar 'n groterige nektarklier voor. Op jong plante en waterlote is die skynblare baie breër en meer golwend as op ouer dele van die plant, en dra soms veervormige blare, soos dié van die inheemse *Acacia*-soorte, op hulle punte. Ouer plante het slegs skynblare.

Die geronde, heldergeel bloeiwyses, 10 tot 12 mm in deursnee, word in trosse van 5 tot 10 vanaf Augustus tot November voortgebring, met 'n hoogtepunt in September. Hulle gee oorsprong aan lang, smal, afgeplatte peule, 50 tot 100 mm lank, en 5 tot 6 mm breed. Die peule is reguit en effens ingesnoer tussen die sade, en kom in trosse voor en nie enkel nie soos by sommige van die ander



FIG. 2 – Die skynblare word gekenmerk deur 'n enkele opvallende hoofaar. Die bloeiwyses is gerond en heldergeel

Acacia-spesies. Kort nadat die ryp sade in Desember vrygestel word, val die leë peule ook af, en daar lê gewoonlik groot hoeveelhede sade en leë peule onder die bome. Die sade is donkerbruin of swart en effens afgeplat, met 'n kort, dik, naaswit saadsteeljie.

VERSPREIDING

Port Jackson, die hawegebied van Sydney in Oos-Australië, waarna hierdie plant vernoem is, is eintlik nie die oorspronklike tuiste van die plant nie, maar wel die suidwestelike dele van Wes-Australië. Dit kom algemeen op sandgrond in die kusgebied met 'n hoë reënval (380 mm per jaar) voor, maar versprei ook langs riviere, erosieslote en droë lope in die droër 250-mm-reënvalgebied. Verder is dit ook ingeburger in ander dele van Nieu-Suid-Wallis.

Die eerste Port Jacksons is in 1848 in Suid-Afrika aangeplant om los sand te stabiliseer wat gedreig het om die nuwe pad vanaf Kaapstad na Bellville toe te waai. Dit was 'n groot sukses: Port Jackson het gefloreer, en is later op groot skaal op baie ander plekke langs die Kaapse kus as sandbinder aangeplant. Later is daar ontdek dat die bas van Port Jackson en nog twee ander Australiese wattlesoorte baie ryk is aan tannien ('n stof wat gebruik word vir leerlooierij) en dat Port Jackson die enigste een van die drie is wat op die Kaapse Vlakte aard. Daar is dus groot gebiede in staatsplantasies en op privaatplase daarmee beplant in 'n poging om 'n uitvoerbedryf te vestig. Swartwattel (*A. mearnsii* De Wild) in Natal lewer egter tannien van 'n beter gehalte, en die uitvoer van Port Jackson-bas het kort voor lank in duie gestort. Die gevolg was dat die bome, wat nou aan hulself oorgelaat is, onbeheerd begin versprei het. Hulle getalle word slegs verminder deur brandhoutversamelaars en toevallige brande wat groot bome vernietig.

Tans kom die boomsoort wydverspreid langs die Suid-Afrikaanse kus voor - vanaf die Oranjerivier in die Noordweste tot minstens by Kosibaai in die ooste. Dit was in die verlede hoofsaaklik beperk tot die kusvlakte in gebiede met 'n jaarlikse reënval van minstens 250 mm, maar het later ook die binneland binnegedring, veral langs die riviervalleie van die suidwestelike Kaap, bv. die Breërivier. Wetenskaplikes was aanvanklik van mening dat die droë omgewings en die subtropiese gebiede met min veldbrande die verspreiding van Port Jackson sou stuit, maar dit is tans reeds gevestig in Transvaal en Natal. 'n Opname het getoon dat 20 000 ha in Suid-Afrika in 1973 reeds met hierdie boomsoort besmet was. Dit aard ook goed in die Zambiese klimaat, veral op mynhope.

GROEI EN VOORTPLANTING

Soos al die ingevoerde Australiese *Acacia*-soorte, produseer Port Jackson groot hoeveelhede hardskalige sade wat vir jare kiemkragtig kan bly. Rooivlerkspreus, duive en bobbejane vreet die sade egter baie graag, en die

verteringsensieme breek die saadhuid af sodat dit makliker deurlaatbaar word vir water en dus gouer ontkiem. So word die sade dus na ander gebiede oorgedra in die mis van diere, waarin hulle dan ontkiem en groei. Sade van Port Jackson het selfs al in die geverfde betonmure van geboue ontkiem.

Die groeiseisoen van Port Jackson is hoofsaaklik in die lente en somer. Vegetatiewe groei begin in Augustus/September, bereik 'n hoogtepunt in November/Desember, en hou aan tot Februarie en selfs April.

Gereelde veldbrande bevoordeel die plant, want dit stimuleer die sade om te ontkiem, en gee hulle 'n voorsprong bo die natuurlike plantegroei wat deur die brand vernietig word. Volwasse plante sal ook weer baie vinnig uitspruit na 'n veldbrand of nadat die bogrondse dele afgekap is. Sodoende word daar digte stande Port Jackson gevorm. Veral langs paaie staan die bome op plekke soms so dig dat 'n mens nie die omgewing kan sien nie. Waar rooikrans en Port Jackson saam voorkom, word rooikrans geleidelik deur Port Jackson verplaas, omdat rooikrans meer dikwels vir vuurmaakhout gebruik word en ook nie maklik stam lote vorm nie.

In 'n digte stand van enige *Acacia*-soort kom daar gewoonlik geen ander plantegroei voor nie - vermoedelik omdat *Acacia*-soorte sekere stowwe afskei wat die natuurlike plantegroei strem. Dit veroorsaak uiteindelik erosie, in plaas daarvan dat Port Jackson erosie voorkom, soos die aanvanklike bedoeling was.

WETGEWING

Ingevolge die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983 (Wet 43 van 1983), is Port Jackson tot 'n indringerplant verklaar. As dit dus op enige plaaseenheid in die Republiek tot so 'n mate voorkom dat dit die produksievermoë van die natuurlike landbouhulpbron kan benadeel, moet dit doeltreffend beheer word.

BEHEER

Die uitroei van Port Jackson is 'n moeilike proses aangesien die boom maklik stam lote vorm nadat dit afgekap of afgebrand is. Die groot hoeveelheid sade in die grond en onder die bome kan ook nog lank na die tyd ontkiem - gewoonlik na die eerste veld- of bosbrand.

Om die vorming van stam lote te verhoed, moet die plant met wortel en tak verwyder word, of die stamme moet direk bokant die grondoppervlakte geringeleer word. Afgekapte stamme kan ook met chemiese middels behandel word, bv. dicamba + 2,4,5-T. Saailinge kan met die hand uitgetrek of met tebuthiuron behandel word. Onvolwasse plante kan beheer word deur hulle uit te skoffel, uit te spit, uit te grawe, te ringeleer of die stam onder die grondoppervlakte af te sny.